Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Devigi Pillay
Direktoraat: Diensvoordele
Devigi.Pillay@westerncape.gov.za | 021 467 2477

Lêerno.: 3/3/R
Verwysing: 20221209-9855

Omsendbrief: 0048/2022
Vervaldatum : Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Adjunkdirekteure, Hoofde van opvoedkundige inrigtings en erkende werknemerpartye

Kort opsomming: *27 Desember 2022 – openbare vakansiedag.*

Onderwerp: 27 Desember 2022 is as 'n nasionale openbare vakansiedag verklaar

1. In ooreenstemming met die besluit van die Wes-Kaapse Regering dat elke provinsiale departement sy eie bedrywighede gedurende die vakansieseisoen bepaal, is daar besluit om die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se kantore vanaf 23 Desember 2022 tot 30 Desember 2022 te sluit (vyf werkdae), behalwe vir amptenare wat noodsaaklike pligte verrig. Vyf dae is vir hierdie spesifieke doel toegeken en van elke kantoorgebaseerde werknemer se jaarlikse verlofkrediete vir die 2022-verlofsiklus afgetrek.

2. Op 08 Desember 2022 het die Staatspresident aangekondig dat, ingevolge artikel 2a van die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet 36 van 1994), Dinsdag, 27 Desember 2022 as 'n openbare vakansiedag beskou sal word.

3. Met verwysing na bogenoemde, word u hiermee in kennis gestel dat Nasionale Tesourie die jaarlikse verlofdag wat vir 27 Desember 2022 toegeken is, via PERSAL teruggetrek het en weer een dag by die verlofkrediete bygevoeg het. In ooreenstemming hiermee sal die WKOD-kantoor steeds vanaf **23 Desember 2022 tot en met 30 Desember 2022 (vier werkdae)** sluit.

4. Lynbestuurders/toesighouers moet asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle werknemers onder hul toesig bring.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF VAN ONDERWYS
DATUM: 2022-12-21